education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKATE (BEROEPS-)

ASSESSERINGSRIGLYNE

AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL
NQF LEVEL 2

September 2007

INHOUDSOPGAWE

AFDELING A: DOEL VAN DIE ASSESSERINGSRIGLYNE

AFDELING B: ASSESSERING IN DIE NASIONALE SERTIFIKATE (BEROEPS-)

1 Assessering in die Nasionale Sertifikate (Beroeps-)
2 Assesseringsraamwerk vir beroepskwalifikasies
2.1 Interne deurlopende assessering (IDASS)
2.2 Eksterne summatiewe assessering (ESASS)
3 Moderering van assessering
3.1 Interne moderering
3.2 Eksterne moderering
4 Geldigheidsperiode van interne deurlopende assessering (IDASS)
5 Assessorsvereistes
6 Tipes assessering
6.1 Basislynassessering
6.2 Diagnostiese assessering
6.3 Formatiewe assessering
6.4 Summatiewe assessering
7 Beplanning van assessering
7.1 Insameling van bewyse
7.2 Optekening
7.3 Rapportering
8 Assesseringsmetodes
9 Instrumente en middele vir insameling van bewyse
10 Apparaat vir assessering van studente se prestasie
11 Seleksie en/of ontwerp van rapporteringstelsels
12 Bevoegdheidsbeskrywings
13 Strategieë vir insameling van bewyse
13.1 Waarnemingsvelle
13.2 Kontrolelyste

AFDELING C: ASSESSERING IN BASISVAK – AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1 Assesseringskedule
2 Optekening en rapportering
3 Interne assessering van vakuitkomste in Afrikaans Eerste Addisionele Taal – Vlak 2
4 Spesifikasies vir eksterne assessering in Afrikaans Eerste Addisionele Taal – Vlak 2

BYLAE A: VOORGESTELDE EKSAMENVRAESTELLE EN ASSESSERING

AFDELING A: DOEL VAN DIE VAKASSESSERINGSRIGLYNE

Hierdie dokument voorsien die lektor van riglyne om 'n samehangende, geïntegreerde assesseringstelsel vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal in die Nasionale Sertifikate (Beroeps-) te ontwikkel. Dit moet saamgelees word met die *Nasionale Beleid rakende Verdere Onderwys- en Opleidingsprogramme: Goedkeuring van die Dokumente, Beleid vir die Nasionale Sertifikate (Beroeps-) op Vlak 2 tot 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR).* Hierdie assesseringsriglyne sal vir Nasionale Kwalifikasieraamwerk Vlak 2-4 gebruik word.

Hierdie dokument verduidelik die vereistes vir interne en eksterne vakassessering. Die lektor moet hierdie dokument saam met die *Vakriglyne: Afrikaans Eerste Addisionele Taal* gebruik vir die voorbereiding en lewering van Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Lektore moet 'n verskeidenheid hulpbronne gebruik, en 'n reeks assesseringsvaardighede in die opstel, nasien en optekening van assesseringstake toepas.

AFDELING B: ASSESSERING IN DIE NASIONALE SERTIFIKATE (BEROEPS-)

1 ASSESSERING IN DIE NASIONALE SERTIFIKATE (BEROEPS-)

Assessering in die Nasionale Sertifikate (Beroeps-) word onderlê deur die doelwitte van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR). Hierdie doelwitte is om:

- 'n Geïntegreerde nasionale raamwerk vir leerprestasies daar te stel.
- Toegang tot en progressie in onderwys, opleiding en loopbane te fasiliteer.
- Die gehalte van onderwys en opleiding te verbeter.
- Onregverdige diskriminasie en wanbalanse van die verlede reg te stel en daardeur indiensnemingsgeleenthede te versnel.
- By te dra tot die holistiese ontwikkeling van die student deur aandag te skenk aan die volgende:
  - sosiale aanpassing en verantwoordelikheid;
  - morele verantwoordbaarheid en etiese werkoriëntasie;
  - ekonomiese deelname; en
  - nasiebou.

Die beginsels onderliggend aan hierdie oogmerke is:

- ***Integrasie***

Om 'n eenvormige benadering tot onderwys en opleiding te aanvaar wat die ontwikkelingskapasiteit van die menslike hulpbronne van die nasie sal versterk.

- ***Toepaslikheid***

Om dinamies en sensitief te wees vir nasionale ontwikkelingsbehoeftes.

- ***Geloofwaardigheid***

Om nasionale en internasionale waarde en erkenning van kwalifikasies en verworwe bevoegdhede en vaardighede te demonstreer.

- ***Samehangendheid***

Om binne 'n konsekwente raamwerk van beginsels en sertifisering te werk.

- ***Buigsaamheid***

Om voorsiening te maak vir kreatiwiteit en vindingrykheid in die bereiking van Leeruitkomste.

- ***Deelname***

Om belanghebbendes in staat te stel om deel te hê aan standaardstelling en die koördinering van die bereiking van die kwalifikasie.

- ***Toegang***

Om leerstoornisse op elke vlak te hanteer ten einde studente se vordering te fasiliteer.

- ***Progressie***

Om te verseker dat die kwalifikasieraamwerk individue toelaat om deur die vlakke van die nasionale kwalifikasies te beweeg deur middel van verskillende, gepaste kombinasies van die komponente van die leweringstelsel.

- ***Oordraagbaarheid***

Om studente in staat te stel om krediete van kwalifikasies van een leerinstelling en/of werkgewer na ‘n ander instelling of werkgewer oor te dra.

- ***Artikulasie***

Om by die voltooiing van geakkrediteerde voorvereistes voorsiening te maak vir vertikale en horisontale mobiliteit in die onderwysstelsel.

- ***Erkenning van vooraf leer***

Om krediete toe te ken vir ’n leereenheid na assessering of as die student oor die bevoegdhede beskik soos in die uitkomsstelling gespesifiseer.

- ***Geldigheid van assesserings***

Om te verseker dat assessering ‘n wye omvang van kennis, vaardighede, waardes en houdings dek wat nodig is om toegepaste bevoegdheid te demonstreer. Dit word bereik deur:

- die uitkoms wat bereik moet word duidelik te stel;
- die gepaste of geskikte bewyse te kies;
- die bewyse met ‘n versoenbare of gepaste assesseringsmetode te belyn; en
- ‘n assesseringsinstrument(e) te kies en te skep.

- ***Betroubaarheid***

Om te verseker dat assesseringspraktyke konsekwent is sodat dieselfde resultaat of oordeel bereik word indien die assessering in dieselfde konteks herhaal word. Dit verg konsekwentheid in die interpretasie van bewyse en daarom is sorgvuldige monitering van assessering kernbelangrik.

- ***Regverdigheid en deursigtigheid***

Om te verifieer dat geen assesseringsproses of –metode(s) enige student onregverdig belemmer of benadeel nie. Die volgende kan as onregverdigheid in assessering beskou word:

- Ongelyke geleenthede, hulpbronne of onderrig- en leerbenaderings
- Partydigheid gebaseer op etnisiteit, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid of sosiale klas
- Gebrek aan duidelikheid rakende die Leeruitkoms wat geassesseer word
- Vergelyking van studente se werk met ander studente s’n, op grond van leerstyle en taal.

- ***Buigsaamheid***

Om voorsiening te maak vir verskillende leerstyle en om ‘n reeks assesseringsmiddele, -instrumente en

-tegnieke te gebruik.

- ***Praktiese uitvoerbaarheid en koste-effektiwiteit***

Om assesseringspraktyke binne ‘n uitkomsgerigte onderwys- en opleidingstelsel te integreer en te streef na assessering wat koste- en tydbesparend is.

2 ASSESSERINGSRAAMWERK VIR BEROEPSKWALIFIKASIES

Die assesseringstruktuur vir die Nasionale Sertifikate (Beroeps)-kwalifikasie is as volg:

2.1 Interne deurlopende assessering (IDASS)

Kennis, vaardighede, waardes en houdings word regdeur die jaar geassesseer aan die hand van assesseringsinstrumente soos projekte, toetse, werkopdragte, ondersoeke, rolspel en gevallestudies. Die interne deurlopende assessering (IDASS) se praktiese komponent word in ‘n regte werkplek, ‘n werkswinkel of ‘n “Gestruktureerde Omgewing” uitgevoer. Hierdie komponent word intern gemodereer terwyl die eksterne gehaltebeheer deur Umalusi gehanteer word. Alle bewyse van die interne assessering (IDASS) word in ‘n Portefeulje van Bewyse (PvB) gehou en moet geredelik beskikbaar wees vir moniterings-, modererings- en verifiëringsdoeleindes.

2.2 Eksterne summatiewe assessering (ESASS)

Die ekterne summatiewe assessering behels óf ‘n enkele óf ‘n stel skriftelike vraestelle opgestel ooreenkomstig die vereistes van die Vakleeruitkomste. Die Departement van Onderwys administreer die teoretiese komponent volgens toepaslike assesseringsbeleid.

Eksterne summatiewe assessering sal jaarliks tussen Oktober en Desember afgelê word, met voorsiening vir aanvullende eksamens.

3 MODERERING VAN ASSESSERING

3.1 Interne moderering

Assessering moet gemodereer word volgens die Verdere Onderwys- en Opleidingskollege se beleid vir interne moderering. Interne kollegemoderering is ‘n deurlopende proses. Die moderator se betrokkenheid begin by die beplanning van assesseringsmiddele en –instrumente en word gevolg deur voortgesette skakeling met en ondersteuning aan die assessors. Interne moderering skep ‘n gedeelde begrip van Assesseringstandaarde en hou dit oor die beroepsprogramme heen in stand.

3.2 Eksterne moderering

Eksterne moderering word deur die Departement van Onderwys en Umalusi waargeneem en, waar toepaslik, deur ‘n Gehaltebeheerliggaam vir Onderwys en Opleiding ooreenkomstig die standaarde en vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid en Umalusi.

Die eksterne moderator:

- moniteer en evalueer die standaarde van alle summatiewe assesserings;
- hou standaarde in stand deur toepaslike invloed en beheer oor assessors uit te oefen;
- verseker dat behoorlike prosedures gevolg word;
- verseker dat summatiewe geïntegreerde assesserings korrek geadministreer word;
- kontroleer ’n minimum monster van tien (10) tot vyf-en-twintig (25) persent van die summatiewe assesserings;
- gee skriftelik terugvoering aan die toepaslike gehaltebeheerinstansie; en
- modereer in geval van ‘n dispuut tussen ‘n assessor en ‘n student.

Beleid rakende inklusiewe onderwys vereis dat assesseringsprosedures vir studente met leerstoornisse aangepas en ondersteun word om hulle in staat te stel om hul maksimum potensiaal te bereik.

4 GELDIGHEIDSPERIODE VAN INTERNE DEURLOPENDE ASSESSERING (IDASS)

Die geldigheidsperiode van die punt vir die interne deurlopende assessering word bepaal deur die *Nasionale Beleid rakende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Assessering van die Nasionale Sertifikate (Beroeps-).*

Die interne deurlopende assessering (IDASS) moet weer ingedien word met elke eksameninskrywing ten opsigte waarvan dit ‘n komponent vorm.

5 VEREISTES VIR ASSESSORS

Assessors moet vakspesialiste wees en ideaal reeds bevoegd verklaar wees ooreenkomstig standaarde deur die *ETDP SETA* gestel. Indien die lektor wat die assesserings waarneem nie tot ’n bevoegde assessor verklaar is nie, kan ’n bevoegd verklaarde assessor aangewys word om toesig te hou oor die assesseringsproses ten einde die gehalte en integriteit van die assesserings te verseker.

6 TIPES ASSESSERING

Assessering bevoordeel die leerder en die lektor. Dit lig studente in oor hul vordering en help lektore om op verskillende stadia van die leerproses ingeligte besluite te neem. Verskillende tipes assessering kan gebruik word na gelang van die spesifieke doelwit.

6.1 Basislynassessering

Basislynassessering word aan die begin van ’n vlak of leerervaring gedoen om die kennis, vaardighede en houdings te bepaal wat studente na die klaskamer toe bring. Hierdie kennis help lektore met die beplanning van leerprogramme en leeraktiwiteite.

6.2 Diagnostiese assessering

Hierdie tipe assessering diagnoseer die aard en oorsake van leerstoornisse wat deur spesifieke studente ervaar word. Dit word gevolg deur leiding, toepaslike ondersteuning en intervensiestrategieë. Hierdie tipe assessering is nuttig vir verwysing van studente wat spesialishulp benodig.

6.3 Formatiewe assessering

Hierdie tipe assessering moniteer en ondersteun onderrig en leer. Dit bepaal studente se sterk en swak punte en bied terugvoering op vordering. Dit bepaal of ’n student gereed is vir summatiewe assessering.

6.4 Summatiewe assessering

Hierdie tipe assessering bied ’n oorsigtelike beeld van ‘n student se vordering op ’n gegewe tydstip. Dit bepaal of die student genoegsaam bevoegd is om na die volgende vlak te vorder.

7 BEPLANNING VAN ASSESSERING

Die assesseringsplan behoort drie hoofprosesse te dek:

7.1 Insameling van bewyse

Die assesseringsplan dui aan watter vakuitkomste en assesseringstandaarde geassesseer sal word, watter assesseringsmetode of -aktiwiteit gebruik gaan word en wanneer hierdie assessering gedoen sal word.

7.2 Optekening

Optekening verwys na die assesseringsinstrumente of -middele waarmee die assessering vasgelê of aangeteken sal word. Gepaste assesseringsinstrumente moet dus ontwikkel of aangepas word.

7.3 Rapportering

Al die bewyse in ’n verslag word bymekaar geplaas met die oog op besluitneming vir die vak.

8 ASSESSERINGSMETODES

Assesseringsmetodes verwys na wie die assessering doen en sluit lektor-assessering, selfassessering, portuurassessering en groepassessering in.

LEKTOR-ASSESSERING	Die lektor assesseer studente se prestasie aan die hand van gegewe kriteria in verskillende kontekste, soos individuele werk, groepwerk, ens.
SELFASSESSERING	Studente assesseer hul eie prestasie aan die hand van gegewe kriteria in verskillende kontekste, soos individuele werk, groepwerk, ens.
PORTUURASSESSERING	Studente assesseer ’n ander student of groep studente se prestasie aan die hand van gegewe kriteria in verskillende kontekste, soos individuele werk, groepwerk, ens.
GROEPASSESSERING	Studente assesseer die individuele prestasie van ander studente binne ’n groep of die algehele prestasie van ’n groep studente aan die hand van gegewe kriteria.

9 INSTRUMENTE EN MIDDELE VIR DIE INSAMELING VAN BEWYSE

Alle bewyse wat vir assesseringsdoeleindes versamel word, word in die student se Portefeulje van Bewyse (PvB) vervat of opgeteken.

Die onderstaande tabel bied ’n opsomming van ’n verskeidenheid metodes en instrumente vir die insameling van bewyse. ’n Bepaalde metode en instrument word gekies om studente genoegsame geleentheid te bied om die vakuitkoms wat bereik is te demonstreer. Dit sal slegs moontlik wees as die gekose metodes en instrumente geskik is vir die teikengroep en die spesifieke uitkoms wat geassesseer word.

	METODES VIR DIE INSAMELING VAN BEWYSE		
	Waarneminggebaseer (Minder gestruktureerd)	**Taakgebaseer** (Gestruktureerd)	**Teksgebaseer** (Meer gestruktureerd)
Assesserings-instrumente	• Waarneming • Klasvrae • Besprekings deur lektor, student en ouer	• Werkopdragte of take • Projekte • Ondersoeke of navorsing • Gevallestudies • Praktiese oefeninge • Demonstrasies • Rolspel • Onderhoude	• Eksamens • Klastoetse • Praktiese eksamens • Mondelinge toetse • Oopboektoetse
Assesseringsmiddele	• Waarnemingsvelle • Lektor se notas • Kommentaar	• Kontrolelyste • Beoordelingskale • Nasienskemas	• Punte (bv. %) • Beoordelingskale (1-7)
Bewyse	• Fokus op individuele studente • Subjektiewe bewyse gebaseer op lektor se waarnemings en indrukke	• **Oop middel:** Studente lewer dieselfde bewyse maar op verskillende maniere. • **Oop einde:** Studente gebruik dieselfde proses om verskillende resultate te bereik.	Studente beantwoord dieselfde vrae op dieselfde wyse binne dieselfde tydsbestek.

10 MIDDELE VIR ASSESSERING VAN STUDENTE SE PRESTASIE

Beoordelingskale is nasienstelsels waar 'n simbool (soos 1 tot 7) of 'n punt (soos 5/10 of 50%) in detail gedefinieer word. Die detail is so belangrik soos die gekodeerde punt. Tradisionele nasien, assessering en evaluering het meestal beoordelingskale gebruik sonder detail soos wat reg of verkeerd, swak of goed was, ens.

Taaklyste en **kontrolelyste** toon aan die leerder wat gedoen moet word. Dit bestaan uit kort stellings wat die verwagte prestasie in 'n bepaalde taak beskryf. Die stellings op die kontrolelys kan afgemerk word wanneer die leerder die kriterium toereikend behaal het. Kontrolelyste en taaklyste is baie nuttig vir assesseringsaktiwiteite binne portuur- of groepverband.

'n Nasienskema is 'n hiërargie (gegradeerde vlakke) van kriteria met teikenstandaarde wat die minimum vlak van aanvaarbare prestasie vir elke kriterium beskryf. Dit is 'n andersoortige manier van assessering en kan nie met toetse vergelyk word nie. Elke kriterium wat in die nasienskema beskryf word moet afsonderlik geassesseer word. Daar word hoofsaaklik twee tipes nasienskemas gebruik, te wete holistiese en analitiese nasienskemas.

Bylae A bevat 'n voorbeeld van 'n holistiese en 'n analitiese nasienskema. Let op dat hierdie voorbeelde ses bevoegdheidsvlakke aandui en nie die sewe bevoegdheidsvlakke waarvolgens vakke binne die Nasionale Sertifikate (Beroeps-) geassesseer word nie.

11 SELEKSIE EN/OF ONTWERP VAN OPTEKENINGS- EN RAPPORTERINGSTELSELS

Die seleksie of ontwerp van optekenings- en rapporteringstelsels hang af van die doel van optekening en rapportering van leerderprestasie. **Waarom** bepaalde inligting opgeteken word en **hoe** dit opgeteken word bepaal watter instrument gebruik sal word.

Rekenaargebaseerde stelsels, bv. sigblaaie, is koste- en tydbesparend. Die optekeningstelsel moet gebruikersvriendelik wees en inligting moet maklik bekom en onttrek kan word.

12 BEVOEGDHEIDSBESKRYWINGS

Alle assessering moet punte toeken vir die evaluering van spesifieke assesseringstake. Punte moet egter toegeken word aan die hand van nasienskemas en moet nie slegs 'n totaal van regmerkies vir korrekte antwoorde wees nie. Nasienskemas moet beskrywers wees van bevoegdheidsvlakke vir die vaardighede,

kennis, waardes en houdings wat 'n student moet demonstreer om elke vlak van die beoordelingskaal te bereik.

Wanneer lektore of assessors 'n assesseringstaak of -vraag voorberei, moet hulle verseker dat die taak of vraag op 'n aspek van 'n vakuitkoms betrekking het. Die toepaslike assesseringstandaard moet gebruik word om die nasienskema vir die assessering van die taak of vraag te skep.

13 STRATEGIEë VIR INSAMELING VAN BEWYSE

'n Aantal verskillende assesseringsinstrumente mag vir die insameling en optekening van bewyse gebruik word. Voorbeelde van instrumente wat (aangepas kan word en) in die klaskamer gebruik kan word sluit in:

13.1 Waarnemingsvelle

Die lektor neem waar hoe studente in groepverband werk. Aan die einde van elke projek word die waarnemings in 'n opsommingstabel aangeteken. Die lektor kan 'n waarnemingsvel ontwerp om leerders se interaktiewe en probleemoplossende vaardighede, houdings teenoor groepwerk en deelname aan groepaktiwiteite waar te neem.

13.2 Kontrolelyste

Kontrolelyste moet duidelike kategorieë hê om te verseker dat die doelwitte doeltreffend bereik word. Die kategorieë moet beskryf hoe en aan die hand van watter kriteria die aktiwiteite geëvalueer word. Ruimte vir kommentaar is noodsaaklik.

AFDELING C: ASSESSERING IN BASISVAK – AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1 ASSESSERINGSKEDULE

Op NKR-vlakke 2, 3 en 4 sal lektore assessering doen en ook 'n skedule ontwikkel vir formele assessering wat in die jaar onderneem sal word. Al drie vlakke het ook 'n eksterne eksamen wat 75% van die totale punt beslaan. Die punte toegeken vir assesseringstake wat gedurende die jaar voltooi en in 'n Portefeulje van Bewyse (PvB) vervat en opgeteken word, sal die ander 25% beslaan.

Die Portefeulje van Bewyse (PvB) en die eksterne assessering sluit praktiese en geskrewe komponente in. Die praktiese assessering in Afrikaans Eerste Addisionele Taal moet, waar nodig, onderwerp word aan eksterne moderering deur Umalusi of enige toepaslike Gehaltebeheerliggaam vir Onderwys en Opleiding, aangewys deur die Umalusi-Raad ingevolge artikel *28(2)* van die Wet op Gehaltebeheer vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, *2001 (Wet No. 58 van 2001).*

2 OPTEKENING EN RAPPORTERING

Afrikaans Eerste Addisionele Taal word geassesseer aan die hand van die sewe bevoegdheidsvlakke. Die beskrywing vir elke vlak word in die tabel hieronder verduidelik.

Prestasieskaal vir die Basiskomponent

BEOORDELINGSKAAL	BEOORDELING	PUNTE (%)
7	Uitstekend	80 – 100
6	Verdienstelik	70 – 79
5	Substansieel	60 – 69
4	Toereikend	50 – 59
3	Gemiddeld	40 – 49
2	Elementêr	30 – 39
1	Nie bereik nie	0 – 29

Die assesseringsprogram moet in die lektor se assesseringsportefeulje vir elke vak aangebring word. Die Lektor se Assesseringsportefeulje moet ten minste die volgende insluit:

- 'n Inhoudblad

- Die formele assesseringskedule
- Die vereistes vir elke assesseringstaak
- Die middele wat vir elke assesseringstaak gebruik is
- Optekeningsintrument(e) vir elke assesseringstaak
- 'n Puntevel en verslag vir elke assesseringstaak

Die kollege moet hierdie dokumente standaardiseer.

Die student se Portefeulje van Bewyse (PvB) moet ten minste die volgende insluit:

- 'n Inhoudblad
- Die assesseringstake ooreenkomstig die assesseringskedule
- Die assesseringsmiddele of -instrumente vir die taak
- 'n Rekord van die punte (en kommentaar) wat vir elk van die take behaal is

Waar take nie in die Portefeulje van Bewyse (PvB) as bewys vervat kan word nie, moet die presiese plek daarvan aangeteken word en dit moet geredelik beskikbaar wees vir modereringsdoeleindes.

Die volgende eenhede vir interne assessering dien as riglyn vir die assessering van Afrikaans Eerste Addisionele Taal. Dit is die minimum vereistes.

Assesseringstake vir insluiting in die Portefeulje van Bewyse (PvB) vir Vlak 2 is:

LUISTER EN PRAAT
1. Die volgende luister- en praatpunte moet as bewyse ingesluit wees: • Drie formele toesprake • Een voorbereide hardop lees van enige gekose teks • Een demonstrasie waar instruksies gegee word • Drie luister-begripstoetse • Een rolspel of dialoog waar aanwysings gegee word • Een deelname aan groepkommunikasie en/of terugvoering gegee 2. Een teorie-assessering in die interne Junie-eksamenvraestel ingesluit
LEES EN KYK
1. Die volgende lees- en kykassesserings moet as bewyse ingesluit wees: • Drie werkopdragte, byvoorbeeld werkvelle of projekte oor visuele geletterdheid, nie-verbale kommunikasievorme, letterkundetekste • Drie teorie-assesserings, byvoorbeeld begripstoetse of 'n poësietoets 2. Een teorie-assessering in die interne Junie-eksamenvraestel ingesluit
SKRYF EN AANBIEDING
1. Die volgende skryf- en aanbiedingsassesserings moet as bewys ingesluit wees: • Vir omvattende skryf-werkopdragte waar die werkopdrag minstens 80% van die geskrewe take vorm. ▪ Een oor die skryf van 'n brief (vriendskaplik, aan die pers, navrae en reaksies, ens.) ▪ Een oor ***leertake*** (notas neem, paragrawe, essays, opsommings, feitelike, beredeneerde en diskursiewe skryf, ens.) ▪ Een oor ***essays, paragrawe en kreatiewe skryf*** (beskrywend, diskursief, beredenerend, verhalend, feitelik, wetenskaplik, kortverhale, gedigte, ens.) ▪ Een oor skryf vir ***'n spesifieke doel*** (verbale versoeke, telefoonboodskappe, sms, poskaart, instruksies, aanwysings, ens.) • Vier redigeringsoefeninge 2. Een skryfassessering in die interne Junie-eksamen as 'n afsonderlike vraestel ingesluit.
TAAL IN PRAKTYK
1. Die volgende assesserings vir taal in praktyk moet as bewyse ingesluit wees: • Een werkopdrag wat navorsing en 'n verslag met 'n bronnelys moet insluit • Drie grammatikatoetse • Een werkopdrag waar leerstrategieë aangeteken word, soos 'n voorbeeld van breinkaart-doelwitte, groepaktiwiteit en groepdeelname 2. Een teorie-assessering in die interne Junie-eksamenvraestel ingesluit.

ASSESSERING VAN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VLAK 2

3 INTERNE ASSESSERING VAN VAKUITKOMSTE IN AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – VLAK 2

Onderwerp 1: Luister en Praat

<table>
<tr><th colspan="2">VAKUITKOMS</th></tr>
<tr><td colspan="2">Gebruik strategieë om boodskappe te skep en gepas te antwoord om dialoog in stand te hou.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Boodskappe en reaksies word geformuleer om inligting, idees en opinies uit te ruil deur verskillende mondelinge kommunikasievorme vir sosiale doeleindes te gebruik.</td><td>Formuleer boodskappe en reaksies om inligting, idees en opinies uit te ruil deur verskillende mondelinge kommunikasievorme vir sosiale doeleindes te gebruik.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Rolspel, dialoë, informele toesprake, groepbesprekings, debatte, ens.
Van studente word verwag om:
• Standpunte te bespreek en te stel.
• Gepas te groet in verskillende sosiale kontekste.
• Verskillende aanspreekvorme te gebruik.
• Aanwysings en instruksies te gee.
• Versoeke te rig.
• Argumente te verdedig.
• Gesprek in stand te hou.
Omvang: Sosiale kontekste en doeleindes sluit in, maar is nie beperk nie tot, interpersoonlike kommunikasie, groepbesprekings, telefoongesprekke, debatte, versoeke en antwoorde op versoeke en instandhouding van dialoog.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Die hoofidees word duidelik geïdentifiseer en ondersteun deur die toepaslike gebruik van inligting vir die konteks en onderwerp van bespreking.</td><td>Identifiseer die hoof- en ondersteunende idees om begrip te bevorder.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Toetsgebaseer – oor ’n gevallestudie, groepwerk, waarnemingsvelle, of kontrolelys vir gebruik wanneer na mondelinge aanbiedings, radio- en televisiegeselsprogramme, ens. geluister word.
Van studente word verwag om:
• Te onderskei tussen hoof- en ondersteunende idees, belangrike en minder belangrike besonderhede.
• Idees logies en samehangend uit te druk.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Feite en opinies word bepaal en hul impak op betekenis waargeneem.</td><td>Herken feite en opinies en beskryf hul impak op betekenis wanneer menings uitgespreek word.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Let op feite en opinies wanneer na ’n nuusuitsending oor televisie of radio geluister word, lewer toesprake deur feite en opinies te gebruik, groepbesprekings, debatte, ens.
Van studente word verwag om:
• Tussen feite en opinies te onderskei.
• Tussen subjektiewe en objektiewe taal te onderskei.
• Stellings met feite en/of opinies te staaf.
• Die verskil in betekenis te verduidelik wanneer feite en opinies gebruik word.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Boodskappe en reaksies word geformuleer op ’n wyse wat ’n bewustheid van partydigheid en kulturele en kontekssensitiwiteit demonstreer.</td><td>Demonstreer ’n bewustheid van partydigheid en kulturele en kontekssensitiwiteit in die formulering van boodskappe en reaksies.
Omvang: Partydigheid soos weerspieël in houdings teenoor kultuur, godsdiens, ras, geslag, ouderdom.</td></tr>
</table>

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE
Assesseringsinstrumente: Televisie-, radio, gedrukte advertensies, kontekstuele vrae oor ’n gevallestudie, toets aan die hand van kontekstuele vrae **Van studente word verwag om:** • Luister- en praathindernisse wat betekenis beïnvloed te identifiseer. *Omvang: Hindernisse verwys na eksterne of fisiese hindernisse, emosionele en semantiese hindernisse en partydigheid waarna hierbo verwys is.* • Te identifiseer hoe die spreker se styl (graad van formaliteit, objektiewe en subjektiewe taal), toon en register die hoorder se begrip beïnvloed. • Te identifiseer hoe die gehoor en doel die formulering van boodskappe en reaksies beïnvloed. • Die toepaslike styl, toon en register in die formulering van boodskappe en reaksies in sosiale kontekste te gebruik. • Nuwe of ontleende woorde, idiome, sleng, akronieme en tegniese terme (jargon) toepaslik te gebruik wanneer gepraat word.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Nie-verbale aanwysings word geïdentifiseer en gebruik om betekenis te ondersteun en oor te dra.	Identifiseer nie-verbale aanwysings en gebruik dit in gesproke diskoers om betekenis te ondersteun en oor te dra. *Omvang: Nie-verbale aanwysings sluit in intonasie, volume, toonhoogte, klem, tempo of pas, herhaling, artikulasie en resonansie, intensiteit van emosie, pouse, projeksie, lyftaal en gebare, tekens.*

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE
Assesseringsinstrumente: Strokiesprente, spotprente, gedrukte advertensies, radio-advertensies, rolspel, groepbesprekings, toetse gebaseer op gevallestudies, mondelinge aanbiedings, ens. **Van studente word verwag om:** • Nie-verbale aanwysings te herken en benoem. • Die impak van nie-verbale aanwysings op betekenis en begrip te beskryf. • Nie-verbale aanwysings in gesproke diskoers te gebruik om betekenis te ondersteun en oor te dra.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Deelname aan groepbesprekings word gedemonstreer deur die instandhouding van mondelinge interaksie en aanmoediging.	Neem deel aan groepbespreking en demonstreer respek vir andere se standpunte en opinies deur die instandhouding van mondelinge interaksie en aanmoediging.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE
Assesseringsinstrumente: Groepbesprekings, groep-werkopdragte, kontrolelyste of waarnemingsvelle, gevallestudies, ens. **Van studente word verwag om**: • Verskillende rolle in groepe te demonstreer deur spreekbeurte te neem, gapings te vul, by te dra tot groepbespreking, ander sprekers aan te moedig en leiding te neem. • ‘n Bewustheid van konteks- en kulturele sensitiwiteit te demonstreer deur respek vir ander standpunte te toon.

VAKUITKOMS	
Gebruik strategieë om te luister vir inligting en betekenis ten einde gepas te reageer.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
’n Reeks konteksgepaste vrae word gebruik om inligting te bekom en betekenis te verhelder.	Identifiseer en gebruik ’n reeks vrae om inligting te bekom en betekenis te verhelder.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Rolspel, dialoë, gevallestudies, informele besprekings, informele onderhoude, vrae in ’n vooraf opgenome onderhoud, ens. **Van studente word verwag om:** • Toepaslike vrae vir verskillende doeleindes te formuleer. • Gepas te reageer op vrae.	

Omvang: Vrae sluit in hoe-, wat-, wanneer-, waar-, waarom- en hoe-vrae, ja- of nee-vrae, negatiewe vrae

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Die hoofidees word duidelik geïdentifiseer deur te luister vir inligting wat met die konteks en die onderwerp onder bespreking verband hou.	Herken die hoofidees deur te luister vir inligting wat met die konteks en die onderwerp onder bespreking verband hou ten einde gepas te reageer.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Notas, kontrolelys, opsomming, rolspel, kort aanbiedings, gevallestudie **Van studente word verwag om:** • Hoof- en ondersteunende idees aan te teken. • Notas, kontrolelyste en opsommings te maak. • Oor te vertel en te verduidelik wat gehoor en verstaan is. • Instruksies uit te voer en aanwysings te volg. • Waardering en aanmoediging uit te spreek.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Betekenis, inligting, idees en opinies word gekontroleer deur middel van deurlopende verbale interaksie en aansporings.	Verhelder begrip van inligting, idees en opinies deur middel van deurlopende verbale interaksie en aansporings.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Groepbesprekings, debatte, dialoë, rolspel, informele onderhoude, ens. **Van studente word verwag om:** • Toepaslike vrae vir verskillende doeleindes te formuleer. • Gepas te reageer op vrae. • Aansporings soos kopknik, vullerklanke, oogkontak, gesigsuitdrukkings, aanraking en toon te identifiseer.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Die spreker se tegnieke word verken en herken om hul impak op betekenis te bepaal.	Demonstreer ’n bewustheid van hoe praattegnieke betekenis beïnvloed en die hoorder se begrip bevorder.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Kontrolelys om praattegnieke in radio- en televisie-advertensies aan te toon, debatte (radio en televisie), klasdebatte, gevallestudies, toets of eksamen gebaseer op gevallestudies **Van studente word verwag om:** • Die effek van tegnieke op ’n gepaste reaksie te herken. • Oorredingstegnieke te identifiseer en hul impak op begrip te beskryf. • Argumente en aannnames te herken. • Tussen feite en opinies te onderskei. • Afleidings te maak en oordele te vel en met bewyse te ondersteun. *Omvang: Praattegnieke sluit in styl, toon, woordkeuse, register, klem, lyftaal, gebare, intonasie, dialek, herhaling, retoriese vrae, pouses, gebruik van eerstepersoon vir insluiting, insluiting en uitsluiting van inligting en “polities korrekte” taal.*	

VAKUITKOMS	
Gebruik taalstrukture en –konvensies om grammatikaal korrekte boodskappe of reaksies te formuleer.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Grammatikale strukture word ondersoek om grammatikaal korrekte boodskappe of reaksies te fomuleer.	Demonstreer 'n kennis van grammatikale strukture in die formulering van grammatikaal korrekte boodskappe en reaksies.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse en eksamens, werkopdragte, projekte, strokiesprente, spotprente, ens.
Van studente word verwag om:

- Logiese, samehangende sinne te formuleer en verkeerd gebruikte sinne en frases te korrigeer.
- Sinne en gesproke frases grammatikaal korrek te gebruik.

Omvang: Grammatikale strukture sluit in:

- *Sintaksis – sinskenmerke; eenvoudige sinne; komplekse sinne; sinsuitbreiding; sinsvariasie; sinsreduksie, frases*
- *Rededele – naamwoorde, werkwoorde en hulpwerkwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde, voegwoorde, voornaamwoorde, voorsetsels, lidwoorde*
- *Tye – verlede, teenwoordige en toekomende vorme*
- *Kongruensie*
- *Bedrywende en lydende vorm*
- *Direkte en indirekte rede*
- *Woordorde*
- *Voorwaardelike frases*

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Woordeskat word ontwikkel en uitgebrei deur nuwe woorde te verken en betekenis uit kontekstuele leidrade te skep.	Verken die gebruik van nuwe woorde en skep betekenis uit kontekstuele leidrade om woordeskat uit te brei.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse en eksamens met kontekstuele vrae, werkopdragte gebaseer op koerante, tydskrifte, nuusuitsendings (radio en televisie), woordeboekoefeninge, ens.
Take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium.
Van studente word verwag om:

- Woordvaardighede, soos kennis van grammatika en sintaksis, wortels, voorvoegsels en agtervoegsels te gebruik om betekenis af te lei.
- Te identifiseer en herken hoe tale woorde aan mekaar ontleen, hoe woorde se betekenis mettertyd verander en hoe neologismes gevorm word.
- Tekstuele merkers te identifiseer wat logiese verhoudings en patrone uitbeeld om betekenis af te lei.

Omvang: Patrone en logiese verhoudings sluit in oorsaak en gevolg, feit en opinie, argument en ondersteunende bewyse, vergelyking en kontraste, vrae en antwoorde, opsommings en samevattings, klemplasing en lysting.

- Te onderskei tussen denotatiewe en konnotatiewe betekenis.
- Te luister vir leidrade om betekenis af te lei en woordeskat uit te brei.
- Te luister na 'n verskeidenheid tekste om woordeskat uit te brei en begrip te bevorder.

<table>
<tr><th colspan="2">VAKUITKOMS</th></tr>
<tr><td colspan="2">Organiseer en bied inligting en data gefokus en samehangend aan gedurende mondelinge interaksie.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Styl en register word geïdentifiseer en gebruik om by die doel en gehoor te pas.</td><td>Identifiseer styl, register en retoriese middele om by die doel en gehoor vir mondelinge lewering te pas.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Mondelinge aanbiedings, rolspel, debatte, voorbereide lees uit ’n teks - fiksie en nie-fiksie.
Van studente word verwag om:
• Die korrekte styl, register en retoriese middele vir verskillende doeleindes te kies, soos instruksies gee en demonstrasies hou, telefoongesprekke voer, aan groepbesprekings en debatte deelneem, onderhoude voer, standpunte en argumente verdedig en uit spreek, en ’n storie vertel of hardop lees.
Omvang: Styl verwys na die graad van formaliteit, trant en toon (emosie) wat uitgedruk word. Register verwys na woordkeuse en styl van die taal wat in verskillende omstandighede en situasies gebruik word. Retoriese middele verwys na letterlike en figuurlike taal, oorredingstegnieke (meelopery, getuigskrif, oordrywing en onderbeklemtoning, kort, beklemtoonde vrae, oordrag, herhaling en emosioneel-gelaaide woorde) en die gebruik van humor.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Data en inligting word nagevors, gestruktureer en logies en samehangend aangebied.</td><td>Vors data en inligting na, struktureer dit en bied dit logies en samehangend aan.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Groepwerk, werkopdragte en projekte, breinkaarte, vloeidiagramme, rowwe konsepte, eerste konsepte, toesprake, ens.
Van studente word verwag om:
• Navorsing te doen deur ’n reeks hulpbronne te gebruik, byvoorbeeld verwysingsbronne, Internet, onderhoude.
• Inligting in ’n geskikte vorm vir aanbieding te organiseer en struktureer.
• ’n Toespraak voor te berei met ’n inleiding, liggaam en slot.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Geskikte illustrasiemateriaal vir die konteks word gebruik om begrip te bevorder.</td><td>Demonstreer kennis van die effek van die gebruik van geskikte illustrasiemateriaal vir die konteks en kies toepaslike hulpbronne om begrip te bevorder.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Aanbiedings, toesprake, groepwerk, werkopdragte, ens.
Van studente word verwag om:
• Verskillende oudio-, oudio-visuele en visuele hulpmiddele te identifiseer en hul effek te beskryf.
• Geskikte hulpbronne vir die lewering van ’n toespraak te gebruik.
Omvang: Illustrasiemateriaal sluit in kaarte, plakkate, transparante, musiek, klank, foto’s, beelde, elektroniese aanbiedings, grafieke en voorwerpe.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Nie-verbale kommunikasievorme soos uitspraak, volume, tempo, intonasie, lyftaal en oogkontak word geïdentifiseer en gepas gebruik wanneer gepraat word.</td><td>Identifiseer en gebruik nie-verbale kommunikasievorme soos uitspraak, volume, tempo, intonasie, lyftaal en oogkontak gepas wanneer gepraat word.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Informele toesprake, aanbiedings, rolspel, gevallestudies, kontrolelyste om nie-verbale kommunikasie aan te teken, ens.
Van studente word verwag om:
• Die invloed van nie-verbale vorme in ’n mondelinge aanbieding te beskryf.
• Die effek van die gebruik van nie-verbale aanwysings in die lewering van ‘n toespraak te demonstreer.</td></tr>
<tr><td>ASSESSERINGSTANDAARD</td><td>LEERUITKOMS</td></tr>
<tr><td>Terugvoering word gegee en mondelinge interaksie geëvalueer.</td><td>Gee terugvoering en evalueer mondelinge interaksie.</td></tr>
</table>

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE
Assesseringsinstrumente: Groepbesprekings, toesprake, dialoë, toetse en eksamens gebaseer op gevallestudies. **Van studente word verwag om:** • Opbouende terugvoering aan sprekers te gee om ander sprekers aan te moedig. • Respek vir verskil van opinie en standpunte te demonstreer.

Onderwerp 2: Lees en Kyk

VAKUITKOMS	
Gebruik lees- en kykstrategieë om betekenis in geskrewe, visuele multimedia-tekste en nie-verbale kommunikasievorme te bepaal.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Blaailees, vluglees, vooraf lees, herlees, voorspellings- en siftingstegnieke word toepaslik aangewend om betekenis in geskrewe en multimedia-tekste te bepaal.	Demonstreer en gebruik verskeie lees- en kykstrategieë om betekenis in geskrewe en multimedia-tekste te bepaal.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Werkopdragte en projekte gebaseer op tekste, toetse en eksamens met begripsvrae, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum. **Van studente word verwag om:** • Tekste te blaailees om ’n oorsig van die teks te kry. • Tekste te vluglees om spesifieke inligting en ondersteunende besonderhede te kry. • Tekste vooraf te lees om ’n algemene begrip van die konteks te kry. • Tekste te herlees om inligting, feite en opinies, standpunte en doel te bevestig. • Inhoud te voorspel deur vrae te stel. • Deur tekste te sif om hulle deeglik te ondersoek. *Omvang: Lees- en kykstrategieë sluit in blaailees, vluglees, vooraf lees, herlees, voorspellings- en siftingstegnieke.* *Let wel: Multimedia-tekste sluit in oudio-, oudio-visuele en visuele materiaal soos spotprente en webbladtekste.*	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Nie-verbale aanwysings word herken en verduidelik vir hul impak op betekenis.	Herken nie-verbale aanwysings en verduidelik hul impak op betekenis.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Werkopdragte en projekte, toetse en eksamens met teksgebaseerde begripsvrae, strokiesprente, spotprente, prente en foto’s, gedrukte en televisie-advertensies, ens. **Van studente word verwag om:** • Die impak van nie-verbale aanwysings op betekenis te beskryf. • Eksplisiete en implisiete boodskappe wat deur nie-verbale aanwysings oorgedra word, te identifiseer. • Kommentaar te lewer oor die kulturele relatiwiteit van nie-verbale aanwysings. *Omvang: Nie-verbale kommunikasievorme sluit in lyftaal, gesigsuitdrukkings, gebare, tekens en simbole, kleur, prente en illustrasies, kommunikasie deur aanraking, stilte, liplees en gebaretaal.*	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Die hoofidees word geïdentifiseer en van ondersteunende inligting onderskei.	Identifiseer hoofidees en onderskei dit van ondersteunende inligting
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Teksgebaseerde werkopdragte, groepwerk-projekte, toetse en eksamens, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum **Van studente word verwag om:** • Hoofsinne en ondersteunende sinne te identifiseer. • Feite en/of opinies en ondersteunende bewyse in ’n opsomming of lys aan te teken.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Betekenis van nuwe of onbekende woorde word afgelei deur tegnieke soos die gebruik van verwysingsbronne, woordaanvalsvaardighede, plasing in sin, kontekstuele	Lei betekenis van nuwe of onbekende woorde af deur ’n reeks tegnieke te gebruik.

leidrade en kennis van grammatika.	

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Teksgebaseerde begripsvrae, toetse en eksamens, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens.
Van studente word verwag om:

- Woordaanvalsvaardighede te gebruik om betekenis af te lei, soos kennis van grammatika en sintaksis, wortels, voorvoegsels, agtervoegsels.
- Kennis van tegnieke wat in die omvang gespesifiseer is te gebruik om betekenis te bepaal.

Omvang: Tegnieke sluit in gebruik van verwysingsbronne, woordaanvalsvaardighede, plasing in sinne, tekstuele merkers wat logiese verhoudings aandui en kennis van grammatika.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Stilistiese en literêre middele word verken en verduidelik met betrekking tot doel en gehoor.	Verken stilistiese en literêre middele en verduidelik hul gebruik met betrekking tot doel en gehoor.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Teksgebaseerde begripstoetse, vrae, werkopdragte, toetse en eksamens, werkopdragte gebaseer op oudio-visuele tekste, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens.
Van studente word verwag om:

- Stilistiese en literêre middele (soos in die omvang gespesifiseer) te identifiseer en hul effek op betekenis te bepaal.
- Temas en idees te identifiseer om begrip en betekenis uit te druk.
- Oudio-visuele tegnieke te identifiseer en hul effek op betekenis te verduidelik.

Oudio-visuele tegnieke sluit in kamerahoeke, kameraskote, beligting, klankeffekte en redigering. Oudio-visuele tekste kan televisie-advertensies, musiekvideo's, nuusuitsendings en dokumentêre programme insluit.

Omvang: Literêre middele sluit in sinslengte, interpunksie, woordkeuse, gebruik van figuurlike taal, jargon, sleng, dialek, omgangstaal, rym, ritme, beeldspraak, klankmiddele, versvorme, agtergrond en milieu, intrige, karakterisering, toon en oudio-visuele tegnieke.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Sosio-kulturele waardes, oortuigings en partydigheid word herken en hul impak op begrip word beskryf met verwysing na tekste en kontekste.	Identifiseer sosio-kulturele waardes, oortuigings en partydigheid en verduidelik hul impak op begrip.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Teksgebaseerde begripsvrae, toetse en eksamens, groepwerk-take en -projekte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens.
Van studente word verwag om:

- Die sosio-kulturele agtergrond van tekste te identifiseer.
- Die waardes, oortuigings en partydigheid wat in die teks uitgedruk word, te herken.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Tekstuele kenmerke word identifiseer en beskryf om betekenis in verskillende tekste en kontekste te verhelder.	Verhelder betekenis in tekste deur tekstuele kenmerke te identifiseer en beskryf.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Groepwerk, werkopdragte en projekte, teksgebaseerde toetse en eksamens, teksgebaseerde begripsvrae, kreatiewe response insluitend dramatiserings, grafiese voorstellings, oorsigte, fiktiewe verslae, spotprente, oudio-visuele aanbiedings, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.
Van studente word verwag om:
Kreatiewe tekste:

- Die doel, struktuur en taalgebruik in 'n reeks transaksionele en kreatiewe tekste te identifiseer.
- Die impak van formattering op betekenis te identifiseer.

Kortverhaal:

- Die ontwikkeling van intrige, by-intrige, konflik, karakter en verteller in 'n kortverhaal te herken.
- Te herken hoe agtergrond en milieu met karakter en tema verband hou.
- Stemming, klimaks en anti-klimaks te herken.

Let wel: Kortverhale op hierdie vlak moet binne die konteks van Suid-Afrikaanse kortverhale val.

Poësie:

- Te verduidelik hoe woordkeuses, beeldspraak en klankmiddele stemming, betekenis en tema beïnvloed.
- Te herken hoe vers- en strofevorme, rym, ritme en interpunksie betekenis vorm.

Let wel: Poësie op hierdie vlak is beperk tot die studie van 'n seleksie van moderne Suid-Afrikaanse poësie.

Omvang: Tekste sluit in kreatiewe tekste, literêre tekste (20%), visuele, oudio- en multimedia-tekste.

Tekstuele kenmerke sluit in elemente van genre, literêre en stilistiese middele, doel, struktuur en taal.

VAKUITKOMS	
Lees en reageer op geskrewe, visuele, multimedia-tekste en nie-verbale kommunikasievorme vir 'n verskeidenheid doeleindes.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Inligting uit tekste en ander kommunikasievorme word aangeteken ooreenkomstig die doel van die taak.	Teken inligting aan uit tekste en ander kommunikasievorme ooreenkomstig die doel van die taak.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Teksgebaseerde begripsvrae, puntsgewyse opsommings, groepwerk, werkopdragte en projekte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum. **Van studente word verwag om:** • Die doel en gehoor op wie die teks gerig is te bepaal. • Toepaslike inligting en besonderhede in die teks te vind. • Begrip te demonstreer deur vrae akkuraat en korrek te beantwoord. • Die verskil tussen direkte en geïmpliseerde en denotatiewe en konnotatiewe betekenis te herken. • Die gebruik van objektiewe en subjektiewe taal te herken.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Strukture word gebruik om inligting en betekenis logies en samehangend aan te bied.	Gebruik strukture om inligting en betekenis logies en samehangend aan te bied.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Opsommings, parafrasering, breinkaarte, rolspel, dramatiserings en dialoë, oorvertellings met voorbeelde, toetse en eksamens met teksgebaseerde begripsvrae, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum. **Van studente word verwag om:** • Tekste aandagtig te lees of te kyk om betekenis en hoofidees te bepaal. • Toepaslike inligting vir die doel van die taak te herken en aan te teken. • Strukture te gebruik soos in die omvang gespesifiseer om inligting aan te teken ten einde begrip te demonstreer. *Omvang: Strukture sluit in antwoorde op begripsvrae, opsommings, parafrasering, breinkaarte, rolspel, dramatiserings, dialoë en oorvertellings met voorbeelde.*	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Instruksies en aanwysings word geïnterpreteer en verduidelik om bedoeling en betekenis te verhelder.	Interpreteer en verduidelik instruksies en aanwysings.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Teksgebaseerde begripsvrae, groepwerk, teksgebaseerde aktiwiteite soos voltooiing van 'n kaart, aanwysings gee na aanleiding van 'n kaart, puntsgewyse opsommings, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum. **Van studente word verwag om:** • Toepaslike van ontoepaslike inligting te onderskei. • Instruksies uit te voer. • Bondige en logiese aanwysings te gee op grond van besonderhede uit die teks.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Verskillende standpunte word bepaal en beskryf deur na doel en konteks te verwys.	Bepaal en beskryf verskillende standpunte deur na doel en konteks te verwys.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente:	

Oorsigte, teksgebaseerde begripsvrae, groepwerk, werkopdragte, toetse en eksamens, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.

Van studente word verwag om:

- Die standpunte wat in die teks uitgespreek is te identifiseer aan die hand van enkele ondersteunende bewyse.
- Eie reaksies op die teks te gee aan die hand van enkele ondersteunende bewyse.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Genieting of nie-genieting word gemotiveer deur na die teks of konteks te verwys.	Motiveer genieting of nie-genieting deur na die teks te verwys.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Oorsigte, teksgebaseerde vrae, grafiese voorstellings, dramatiserings, toetse en eksamens, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.

Van studente word verwag om:

- Hul eie reaksie op die teks met betrekking tot genieting of nie-genieting te herken.
- Aspekte van die teks te identifiseer wat tot hul indrukke van die teks bydra.

VAKUITKOMS

Identifiseer en beskryf hoe taalstrukture en –kenmerke betekenis en begrip beïnvloed.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Die strukturele kenmerke van tekste word geïdentifiseer en verduidelik om hul effek op betekenis en interpretasie te bepaal.	Identifiseer en verduidelik hoe strukturele kenmerke van tekste betekenis en interpretasie beïnvloed.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse, eksamens, en werkopdragte met begripsvrae, werkopdragte en projekte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.

Van studente word verwag om:

- Te herken dat strukturele kenmerke, soos in die omvang gespesifiseer, betekenis kan beïnvloed.

Omvang: Strukturele kenmerke sluit in medium van aanbieding, uitleg, formattering, tipografie, titels en hofies, indeks- en inhoudsblaaie, opsommings en samevattings, termlys, voor- en agterblad, paragrafering, byskrifte, illustrasies en ander visuele middele.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Die gebruik en keuse van taal, simbole, prente en ander visuele beelde word beskryf vir hul impak op en ondersteuning van standpunte en doeleindes.	Herken dat die gebruik en keuse van taal, simbole, prente en ander visuele beelde betekenis beïnvloed.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Teksgebaseerde begripsvrae, toetse en eksamens, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.

Van studente word verwag om:

- Met voorbeelde te demonstreer dat die gebruik en keuse van taal, simbole, prente en ander visuele beelde betekenis beïnvloed.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Sinspatrone en logiese verhoudings word geïdentifiseer en verduidelik om betekenis te bepaal.	Identifiseer sinspatrone en logiese verhoudings en verduidelik hul invloed op betekenis.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Teksgebaseerde begripsvrae, toetse en eksamens, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.

Van studente word verwag om:

- Sinspatrone en logiese verhoudings te herken en te identifiseer hoe hulle betekenis beïnvloed.

Omvang: Patrone en logiese verhoudings sluit in oorsaak en gevolg, feit en opinie, argument en ondersteunende feite, volgorde, vergelyking en kontraste, vrae en antwoorde, opsommings en samevattings, klemplasing en lysting.

Onderwerp 3: Skryf en Aanbieding

<table>
<tr><th colspan="2">VAKUITKOMS</th></tr>
<tr><td colspan="2">Gebruik strategieë om vir ’n spesifieke gehoor, doel en konteks te skryf.</td></tr>
<tr><th>ASSESSERINGSTANDAARD</th><th>LEERUITKOMS</th></tr>
<tr><td>Kennisname van die vereistes vir spesifieke skryftake en beplanning word dienooreenkomstig gedoen.</td><td>Neem kennis van die vereistes van en beplan vir spesifieke skryftake.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Toetse, eksamens, projekte, aanbiedings en groepwerk met skryftake. Take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens.
Van studente word verwag om:
• Vir kreatiewe doeleindes te beplan en te skryf.
Omvang: Kreatiewe doeleindes verwys na brief skryf (vriendskaplike briewe, briewe aan die pers, navrae en reaksies), verskillende paragrawe en essays (beskrywende, diskursiewe, beredeneerde, verhalende, feitelike of wetenskaplike skryf) en ander vorms soos stories en gedigte.
• Vir ‘n leertaak te beplan en te skryf.
Omvang: Leertake sluit in notas neem, beantwoording van verskillende soorte vrae, (geslote,
oopeinde-, leidende, veelkeuse-) oordele vel, gevolgtrekkings maak, opsommings maak, feitelike en beredeneerde/diskursiewe skryf.
• Vir ‘n spesifieke doel te beplan en skryf.
Omvang: Doelwitte sluit in skryf van ’n versoek, afneem van telefoonboodskappe en skryf van ’n sms, skryf van instruksies en poskaarte.
Omvang: Beplanning sluit in, maar is nie beperk nie tot, breinkaarte, diagramme, spinnerakke, skematiese uiteensettings, kaarte, vloeidiagramme en notas.</td></tr>
<tr><th>ASSESSERINGSTANDAARD</th><th>LEERUITKOMS</th></tr>
<tr><td>Hoofidees word duidelik geïdentifiseer en ondersteun met behulp van inligting wat met die doel en konteks verband hou.</td><td>Identifiseer hoofidees en ondersteun met behulp van inligting wat met die doel en konteks verband hou.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Toetse, eksamens, werkopdragte met skryftake, beplanning van strukture soos breinkaarte en vloeidiagramme, rowwe konsepte en finale konsepte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.
Van studente word verwag om:
• Idees te dinkskrum en dit in ’n struktuur neer te skryf.
• Hoofsinne in die teks te vind.
• Hoofsinne neer te skryf waarin hoofidees vervat is.
• Hoofidees tot paragrawe uit te brei deur ondersteunende idees en belangrike en minder belangrike besonderhede by te voeg.</td></tr>
<tr><th>ASSESSERINGSTANDAARD</th><th>LEERUITKOMS</th></tr>
<tr><td>’n Bewustheid van kulturele en kontekssensitiwiteit word getoon in die skryfstyl en woordkeuse.</td><td>Toon ’n bewustheid van kulturele en kontekssensitiwiteit in die skryfstyl en woordkeuse.</td></tr>
<tr><td colspan="2">ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE</td></tr>
<tr><td colspan="2">Assesseringsinstrumente:
Werkopdragte, toetse en eksamens met skryftake, rowwe konsepte en finale konsepte van skryftake, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens.
Van studente word verwag om:
• Die styl, toon en benadering vir die doel en gehoor te bepaal.
• Die register (woordkeuse en styl) van die skryfstuk te bepaal.
• Partydigheid in die skryfstuk te bepaal en die teks te redigeer.
• Te besluit watter inligting om in te sluit en/of weg te laat en die impak van die insluiting of weglating te beskryf.
• Te besin oor woordkeuse en taalgebruik om sleng, omgangstaal, jargon en “polities korrekte” taal toepaslik te gebruik.
Omvang: Kulturele en kontekssentiwiteit sluit in toon, styl, register, partydigheid, insluiting en uitsluiting van inligting en “polities korrekte” taal.</td></tr>
<tr><th>ASSESSERINGSTANDAARD</th><th>LEERUITKOMS</th></tr>
</table>

'n Uitleg en formaat wat geskik is vir die doel en konteks van die skryftaak word gekies.	Kies 'n uitleg en formaat wat geskik is vir die doel en konteks van die skryftaak.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse, eksamens, aanbiedings en werkopdragte met skryftake, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.
Van studente word verwag om:
- Te onderskei tussen verskillende formate en uitlegte en 'n gepaste een vir die taak te kies.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Skryfkonvensies word verken en 'n bewustheid van gepaste taal- en grammatikale strukture vir die taak word getoon.	Gebruik toepaslike taal- en grammatikale strukture vir die taak.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetste, werkopdragte en werkopdragte met skryftake, rowwe konsepte en eerste konsepte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens.
Van studente word verwag om:
- Betekenisvolle en samehangende sinne te konstrueer.
- Hoofsinne te konstrueer en tot paragrawe uit te brei.
- Bindmiddele soos voegwoorde en bysinne te gebruik om sinne in 'n paragraaf te verbind.
- 'n Reeks beginkomponente van sinne sowel as hofies en subhofies vir verskillende tekste te skryf.
- Die korrekte toon en register vir die taak te kies.
- Verskillende stilistiese en literêre middele te gebruik om skryf meer effektief te maak.

Omvang: Skryfkonvensies sluit in sinskonstruksie, hoofsinne, paragrawe, bindmiddele, bysinne en beginkomponente van sinne sowel as hofies en subhofies.

Omvang: Middele en tegnieke verwys na die gebruik van letterlike en figuurlike taal, beeldspraak en simboliek, oorredingstegnieke (meelopery, getuigskrif, oordrywing en onderbeklemtoning, kort, beklemtoonde vrae, oordrag, herhaling en emosioneel-gelaaide woorde), humor, gebruik van interpunksie en pouses, die vertellerstem, opeenvolging en volgorde en die gebruik van visuele middele en grafika.

VAKUITKOMS

Gebruik grammatikale strukture om grammatikaal korrekte skryfwerk te lewer.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Grammatikale strukture word verken om 'n bewustheid van die korrekte gebruik van grammatikale strukture vir die skryftaak te toon.	Verken grammatikale strukture om 'n bewustheid van die korrekte gebruik van grammatikale strukture vir die skryftaak te toon.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse, eksamens en werkopdragte met skryftake, rowwe konsepte en eerste konsepte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum.
Van studente word verwag om:
- Grammatikareëls te verstaan.
- Logiese en samehangende sinne te formuleer en verkeerd gebruikte sinne en frases te korrigeer.
- Sinne en frases grammaties korrek te gebruik.

Omvang: Grammatikale strukture sluit in
- *Sintaksis –sinskenmerke; eenvoudige sinne; komplekse sinne, sinsuitbreiding; sinsvariasie; sinsreduksie; frases*
- *Rededele – naamwoorde, werkwoorde en hulpwerkwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde, voegwoorde, voornaamwoorde, voorsetsels, lidwoorde*
- *Tye – verlede, teenwoordige, toekomende vorme*
- *Kongruensie*
- *Bedrywende en lydende vorm*
- *Direkte en indirekte rede*
- *Woordorde*
- *Voorwaardelike frases*
- *Interpunksie*
- *Spelling*

VAKUITKOMS	
Redigeer eie skryfwerk om die konsep aan te pas en grammatikaal korrekte, logiese en samehangende skryfwerk te lewer.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Uitleg en formaat word gekontroleer vir geskiktheid vir die inhoud en doel. Formattering word gekontroleer vir geskiktheid vir die konteks, doel en aanbieding. Diksie (woordkeuse) word gekontroleer vir kulturele en konstekssensitiwiteit en toepaslikheid. Stilistiese en literêre middele word gekontroleer vir hul geskiktheid vir die taak. Bronne wat in die skryfwerk gebruik is word erken en akkuraat aangeteken in 'n gepaste formaat vir die taak of leeraktiwiteit. Grammatika en spelling word gekontroleer vir akkuraatheid en korrekte gebruik. Inhoud word gekontroleer vir feitelike korrektheid, toepaslikheid, toereikendheid en logiese samehang. Terugvoering van andere word aangeteken en skryfwerk aangepas waar nodig.	Kontroleer en redigeer geskrewe teks aan die hand van kriteria in kontrolelys en pas geskrewe konsep dienooreenkomstig aan.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Toetse, eksamens, werkopdragte met skryftake, rowwe konsepte en eerste konsepte, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens. **Van studente word verwag om:** • Die kontrolelys op te stel en te gebruik om skryfwerk te redigeer. • Eie en andere se werk te redigeer, waardeer en beoordeel. • Eie skryfwerk vir finale aanbieding aan te pas. *Kontrolelys sluit in:* • *Uitleg en formaat word gekontroleer vir geskiktheid vir die konteks en doel.* • *Formattering word gekontroleer vir geskiktheid vir die konteks, doel en aanbieding.* • *Diksie (woordkeuse) word gekontroleer vir kulturele en konstekssensitiwiteit en toepaslikheid.* • *Stilistiese en literêre middele word gekontroleer vir hul geskiktheid vir die taak.* • *Bronne wat in die skryftaak gebruik is word erken en akkuraat aangeteken in 'n gepaste formaat vir die taak of leeraktiwiteit.* • *Grammatika en spelling word gekontroleer vir akkuraatheid en korrekte gebruik.* • *Inhoud word gekontroleer vir feitelike korrektheid, toepaslikheid, toereikendheid, en logiese samehang.* • *Skryfwerk word sorgvuldig gekontroleer vir enige onnodige inligting.*	

VAKUITKOMS	
Organiseer en bied die skryftaak aan op 'n wyse wat toepaslik is vir die konteks.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Die doel van die skryftaak word bepaal ten einde te verseker dat die aanbieding met die gehoor en konteks verband hou.	Bepaal die doel van die skryftaak om skryfwerk aan te bied wat met die gehoor en die konteks verband hou.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Werkopdragte, aanbiedings, toetse en eksamens met skryftake, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens. **Van studente word verwag om:** • Die vereistes vir die skryftaak te kontroleer om die doel te bepaal. • Te kontroleer of al die instruksies gevolg is. • 'n Aanbiedingsformaat te kies en die finale teks aan te bied.	

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Aanbiedingstegnieke word geïdentifiseer en gepas gebruik vir die konteks.	Identifiseer en gebruik gepaste aanbiedingstegnieke.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Toetse, eksamens en werkopdragte met skryftake en aanbiedings, take voltooi in die Taal- en Leeslaboratorium en hulpbron- en mediasentrum, ens. **Van studente word verwag om:** • Die vereistes van die skryftaak vir die aanbieding te kontroleer. • Te kontroleer of al die instruksies gevolg is. • Die finale teks in die vereiste formaat aan te bied. *Omvang: Aanbiedingstegnieke sluit in formate en uitleg, formattering, paragrafering, insluiting van visuele materiaal en grafiese voorstellings.*	

Onderwerp 4: Taal in Praktyk

VAKUITKOMS	
Bekom en gebruik geskikte leerhulpbronne om leer te verbeter.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Verskeie hulpbronne word geïdentifiseer en bekom ten einde navorsing te doen.	Identifiseer en bekom verskeie hulpbronne ten einde navorsing te doen.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Werkopdragte, aanbiedings, toetse en eksamens met kontekstuele vrae, opsommings, geskrewe verduidelikings en kort verslae, ens. **Van studente word verwag om:** • Kennis van hierdie hulpbronne en die effektiewe gebruik daarvan vir leer te demonstreer. *Omvang: Leerhulpbronne sluit in woordeboeke, handboeke, webbladinligting, verwysingsbronne, handleidings en studiegidse.*	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Inligting en data word aangeteken en logies en samehangend aangebied.	Teken inligting en data aan en bied dit logies en samehangend aan.
ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Aanbiedings, Portefeujles van Bewyse, werkopdragte, toetse en eksamens met breinkaarte, diagramme, spinnerakke, skematiese uiteensettings, kaarte, vloeidiagramme, notas, verslae, oorsigte, paragrawe en essays. **Van studente word verwag om:** • Navorsing te struktureer en te organiseer in ’n formaat deur die taak en doel vereis. *Omvang: Beplanning sluit in, maar is nie beperk nie tot, breinkaarte, diagramme, spinnerakke, skematiese uiteensettings, kaarte, vloeidiagramme, en notas.* • Inligting aan te bied in ’n formaat deur die konteks vereis. *Omvang: Formate sluit in, maar is nie beperk nie tot, kort terugvoerverslae, paragrawe, essays, grafieke en diagramme, skemas en tabelle, werkopdragte, projekte en Portefeuljes van Bewyse.*	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Leerhulpbronne word geselekteer vir die leertaak en in ’n bronnelys erken.	Selekteer en erken leerhulpbronne vir die leertaak in ’n bronnelys.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Navorsingstaak wat bewys van ’n bronnelys vereis. **Van studente word verwag om:** • ’n Verskeidenheid hulpbronne te gebruik en dit akkuraat aan te dui in ’n bronnelys.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Navorsingstegnieke word verken en gebruik om inligting	Verken en gebruik navorsingstegnieke om inligting te

vir ’n gegewe konteks te beplan en versamel.	versamel.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Take, werkopdragte en aanbiedings wat navorsing vereis **Van studente word verwag om:** • ’n Verskeidenheid hulpbronne te gebruik om navorsing te doen vir ’n taak soos vereis.	

VAKUITKOMS	
Ontdek en identifiseer leerstrategieë om leer te verbeter.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Spesifieke tegnieke vir effektiewe leer word geïdentifiseer.	Identifiseer en kies spesifieke tegnieke om leerresultate te demonstreer.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Toetse, eksamens, werkopdragte met kontekstuele vrae, gevallestudies, Portefeuljes van Bewyse, demonstrasies en illustrasies **Van studente word verwag om:** • Effektiewe studie- en memoriseringstegnieke te gebruik. *Omvang: Tegnieke sluit in leestegnieke, onderstreping, notas en opsommings maak, gebruik van ’n studiestelsel (OVL2H – oorsig, vraagstelling, lees, herhaal, hersien), gebruik van mnemoniek (visuele en mnemoniek, akronieme en letterverse), groepontleding, ondersoek deur vraagstelling, en reflektering.* • Leerresultate aan te bied of demonstreer soos vereis, byvoorbeeld deur toetse te skryf, demonstrasies te doen, rolspel, werkopdragte en projekte te doen. • Voor te berei vir eksamens en assessering deur hersiening te doen, ’n gesonde dieet en leefstyl te volg, stres te hanteer, betyds te wees en voorbereid en ingelig te wees oor eksamen en assessering. • Portefeuljes van Bewyse saam te stel soos vereis. *Omvang: Tegnieke sluit in opsommings, breinkaarte, notas, memoriseringstegnieke, identifisering van sleutelwoorde, onderstreping van belangrike feite, blaailees, vluglees, vraagstelling, en opbou van ’n Portefeulje van Bewyse.*	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Leerdoelwitte word geformuleer om leer te rig.	Formuleer leerdoelwitte om leer te rig.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Werkopdrag, kontekstuele vrae, ens. **Van studente word verwag om:** • Doelwitte vir leer en studie te stel deur SLIM-kriteria te gebruik. S – Spesifiek L – Logies I – Instaatstellend M – Meetbaar	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Tydbestuurstegnieke word geïdentifiseer om leeraktiwiteite te beplan en rig.	Beplan en bestuur tyd om leeraktiwiteite te rig.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente: Werkopdragte, toetse en eksamens met kontekstuele vrae en gevallestudies **Van studente word verwag om:** • Beplanners, dagboeke en ander tydbestuurstegnieke te gebruik om tyd vir noodsaaklike, neutrale en ontspanningsaktiwiteite effektief te beplan. • Tyd te bestuur om leer effektief te rig met betrekking tot studie- en eksamentyd.	
ASSESSERINGSTANDAARD	**LEERUITKOMS**
Motiveringsbronne word geïdentifiseer om ’n positiewe denkraamwerk vir leer te skep.	Identifiseer motiveringsbronne om ’n positiewe denkraamwerk vir leer te skep.
ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE	
Assesseringsinstrumente:	

Werkopdragte, aanbiedings, toetse en eksamens met kontekstuele vrae, diagramme en paragrawe, ens.
Van studente word verwag om:
- Motivering te definieer.
- Interne en eksterne motiveringsbronne te noem.
- 'n Persoonlike visie en missie te formuleer.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Hindernisse in die leerkonteks word herken om leeronderbrekings te verminder.	Herken hindernisse in die leerkonteks om leeronderbrekings te verminder.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Werkopdragte, toetse en eksamens met kontekstuele vrae, diagramme en paragrawe, ens.
Van studente word verwag om:
- Die hindernisse wat kan bestaan, byvoorbeeld fisiese omgewing, fisiologiese, sielkundige en emosionele hindernissse, semantiese en perseptuele hindernisse, te noem.
- Maniere te verken om hierdie hindernisse uit die weg te ruim en 'n leerkonteks te skep wat bevorderlik is vir leer.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Rolle en verantwoordelikhede in groepleeraktiwiteite word geïdentifiseer ten einde 'n span te lei en as spanlid te funksioneer.	Identifiseer rolle en verantwoordelikhede in groepleeraktiwiteite ten einde 'n span te lei en as spanlid te funksioneer.

ASSESSERINGSTAKE OF –AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Groepgebaseerde werkopdragte, rolspel, debatte, toetse en eksamens met kontekstuele vrae, tabelle, kaarte en paragrawe, ens.
Van studente word verwag om:
- Aktief te luister na terugvoering en terugvoering gee.
- Rolle en verantwoordelikhede in groepe te identifiseer en deelname aan en navolging van groepdoelwitte en -waardes te demonstreer.
- Respek vir ander kulture en standpunte te demonstreer.
- 'n Bewustheid van emosionele intelligensie te demonstreer deur onderhandelingstegnieke en selfhandhawende stellings te gebruik om konflik en meningsverskil te besleg.
- Deel te neem en saam te werk aan besluitneming.

VAKUITKOMS

Ontwikkel taalgebruik om leer toepaslik te kommunikeer – mondeling en skriftelik.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Woordeskat en tegniese terme word verken om taalgebruik te verbeter en woordeskat uit te brei.	Verken woordeskat en tegniese terme om taalgebruik te verbeter en woordeskat uit te brei.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse, eksamens en werkopdragte met vrae en take wat op woordeskat en terminologie fokus.
Van studente word verwag om:
- Die betekenis van terme wat in leer, onderwys en opleiding gebruik word, te bepaal.
- Te onderskei tussen homofone en homonieme wat dikwels verwar word, en dit akkuraat te gebruik.
- Geselekteerde sinonieme, antonieme, paronieme en een woord vir 'n frase korrek te gebruik.
- Idiome en spreekwoorde gepas te gebruik.
- Algemene idiome en akronieme te gebruik.

ASSESSERINGSTANDAARD	LEERUITKOMS
Grammatikale strukture word geïdentifiseer en grammaties korrek en logies gebruik.	Identifiseer grammatikale strukture en pas dit grammaties korrek en logies toe.

ASSESSERINGSTAKE OF -AKTIWITEITE

Assesseringsinstrumente:
Toetse, werkopdragte en eksamens wat op grammatikale strukture fokus.
Van studente word verwag om:
- Kennis van 'n reeks spelpatrone, -reëls en -konvensies toe te pas.
- Geslags-, meervouds- en verkleiningsvorme korrek te gebruik.
- Die vergrotende en oortreffende trappe van vergelyking korrek te gebruik.

- Rededele te identifiseer en dit korrek en betekenisvol in sinne te gebruik.
- Voorwerp, onderwerp en gesegde korrek te gebruik en hul funksies te verduidelik.
- ’n Reeks sinstipes te skep.
- Samehang te skep deur voegwoorde en voornaamwoorde te gebruik.
- Bedrywende en lydende vorme toepaslik in tekste te gebruik.
- Direkte en indirekte rede korrek te gebruik.
- Negatiewe vorme korrek te gebruik.
- Aanvaarbare kongruente vorme te gebruik.
- Korrekte woordorde te gebruik en te bespreek hoe woordorde betekenis kan beïnvloed.
- Voorwaardelike frases korrek te gebruik.
- Interpunksie korrek en vir spesifieke doeleindes te gebruik, soos om betekenis te verhelder, grammatikale verhoudings aan te toon en vir klem.

Omvang: Grammatikale strukture sluit in sintaksis, rededele, tye, kongruensie, bedrywende en lydende vorm, direkte en indirekte rede, woordorde, voorwaardelike frases en spelling.

4 SPESIFIKASIES VIR EKSTERNE ASSESSERING IN AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL (VLAK 2)

’n Formele teoretiese eksamen word elke jaar in Oktober/November afgelê deur middel van ’n vraestel(le) wat ekstern opgestel en gemodereer word. Die eksamen sal soos volg gestruktureer word:

VLAK 2	KENNIS EN BEGRIP	TOEPASSING	ONTLEDING, SINTESE EN EVALUERING
	60%	30%	10%

BYLAE A: VOORGESTELDE EKSAMENVRAESTELLE EN ASSESSERING

EKSAMENVRAESTELLE VIR VLAK 2 – 4

*Die voorgestelde uiteensetting vir die middeljaar- en November-eksamenvraestelle **op Vlak 2:***

VRAESTEL	BESKRYWING	PUNTE
1	Kontekstueel-gebaseerde vrae oor luister en praat, lees en kyk en taal in praktyk	150
2	Skryftake soos skriftelik uiteengesit (Vakriglyne)	100
	TOTAAL VIR EKSAMEN	**250**

*Die voorgestelde uiteensetting vir middeljaar- en November-eksamenvraestelle **op Vlak 3:***

VRAESTEL	BESKRYWING	PUNTE
1	Kontekstueel-gebaseerde vrae oor luister en praat, lees en kyk en taal in praktyk	150
2	Skryftake soos skriftelik uiteengesit (Vakriglyne)	150
	TOTAAL VIR EKSAMEN	**300**

*Die voorgestelde uiteensetting vir middeljaar- en November-eksamenvraestelle **op Vlak 4:***

VRAESTEL	BESKRYWING	PUNTE
1	Kontekstueel-gebaseerde vrae oor luister en praat, lees en kyk en taal in praktyk	200
2	Skryftake soos skriftelik uiteengesit (Vakriglyne)	150
	TOTAAL VIR EKSAMEN	**350**

VOORGESTELDE FORMAAT VIR ELK VAN DIE EKSAMENVRAESTELLE:

Vlak 2

VRAESTEL 1	BESKRYWING	PUNTE	TYD
Lees en kyk	**A:** Begripstoets Uit ‘n verskeidenheid tekste soos in Vakriglyne aangedui	30	3 uur
	B: Opsomming	10	
Taal in praktyk	**C:** Grammatika Taalstrukture moet in konteks geassesseer word deur ‘n verskeidenheid tekste te gebruik, bv. prente, advertensies, spotprente en kort uittreksels.	30	
	D: Kontekstueel-gebaseerde vrae oor leer in ‘n beroepskonteks	20	
Luister en praat	**E:** Kontekstueel-gebaseerde vrae oor luister en praat	30	
Lees en kyk	**F:** Kontekstueel-gebaseerde vrae oor poësie en kortverhale	30	
	TOTAAL	**150**	

***Aanbeveling:** Dit moet ’n oopboek-eksamen wees.*

VRAESTEL 2	BESKRYWING	PUNTE	TYD
Skryf	**A:** Brief (Verwys na omvang in Vakriglyne)	20	2 uur
	B: Skryf vir Leer (Verwys na omvang in Vakriglyne)	20	
	C: Verslag (Kort terugvoering)	20	
	D: Funksionele Skryf (Verwys na omvang in Vakriglyne)	20	
	E: Redigering	20	
	TOTAAL	**100**	